Donderdag 17 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:24-31

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:27 (AFR83/AFR2020)

## Volhard in geloof met dade van geduld

Die skrywer van Hebreërs gebruik die voorbeeld van Moses se geduldige geloofsvolharding om vir ons te wys dat geloof ook oorgaan in dade. Geloof is nie passief nie. Daardie geloof wat ons uit genade van God self ontvang, veroorsaak dat ons in ons lewe dinge doen in geloof. Geloof in God het die gevolg dat dit sigbaar word in hoe ons in ons lewe dinge aanskou en hoe ons optree.

Moses het die volk vir 40 jaar in die woestyn gelei tot by die rand van die beloofde land. Hy het die wet van God af ontvang op die berg Sinai. Sy dade en volharding is die gevolg van God wat hierdie geloofsvolharding in hom opgewek het. Deur geloof wou hy nie die seun van die farao genoem word nie. Hy wou eerder gehoorsaam wees aan God en sou eerder saam met die volk sleg behandel word. Dit sou baie makliker gewees het om agter die gemak aan te hardloop om in die koningshuis te leef as om te reageer op die roeping van God, maar deur geloof het hy hierdie roeping aangegryp.

Jesus Christus het sy Goddelike heerlikheid opsy geplaas en mens geword. Hy het gely as Kneg vir ons, sy volgelinge. Hy het enduit volhard in sy roeping. Die gehoorsaamheid aan ons Vader en die liefde vir sy kinders het veroorsaak dat Hy kon volhard selfs in Godverlatenheid. Uit liefde vir ons het Hy weer die weg na terug na God vir ons oopgemaak.

Deur die Heilige Gees het God ons ook die vermoë gegee om te reageer in geloof. Ons kan geduldig in geloof bly staan en vasgryp aan die beloftes wat God aan ons daagliks bevestig. Geduldig kan ons in ons lewe benoudheid, verdrukking en vervolging in die gesig staar en steeds gelowig optree en vasgryp aan ons Vader. Ons kan uitsien na die uiteindelike beloofde land waar ons saam met Christus in die volle heerlikheid van God gaan wees.

*Sing: Psalm 119-1:52*

*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*